BURGER (Kaap), Saterdag Talent
17 Sep 2011, p.3

Kursusse deur Nosa is internasionaal geakkrediteer

Nosa bied verskeie kursusse aan. Twee van dié kursusse is die Samtrac-en die Nebosh-kursusse.

Samtrac: Kursus in veiligheids-, gesondheids- en omgewingsbestuur

Die doel van dié kursus is om die student toe te rus met die vermoë om 'n bestuurstelsel in veiligheid, gesondheid en omgewing te beplan, in werking te stel en vol te hou. Die kursus duur tien dae en word deur Nosa aangebied.

Die Nosa Samtrac-kursus is onlangs aanvaar as 'n geakkrediteerde kursus deur die Internasionale Instituut van Risiko-en-Veiligheidsbestuur (IIRSM) in Engeland.

Voordat die kursus aangepak word, moet twee vereistes nagekom word:

● Die kursus in veiligheids-, gesondheids- en omgewingsbeginsels en -prosedures moet gevolg word. By voltooiing van die kursus sal die student in staat wees om die veiligheids-, gesondheids- en omgewingsvereistes in die werkplek te verduidelik en toe te pas.

● Inleiding tot Samtrac-kursus moet gevolg word: By voltooiing van dié kursus sal die student in staat wees om die tegnieke vir gevaar-identifisering en risiko-assessering te verstaan, asook 'n begrip toon vir bestuursvereistes en prosedures.

Teikengroep

Dié kursus teiken beroepsgesondheids- en veiligheidspraktisyns en higiëniste, inspekteurs van die departement van arbeid, ontwerpingenieurs en menslikehulpbronbestuurders, vakbondamptenare, risiko- en versekeringsassessors, lynbestuurders en toesighouers, veiligheidsverteenwoordigers, komiteelede en voorsitters, en personeel wat betrokke is by die dag-tot-dag-bestuur van 'n beroepsgesondheids-, veiligheids- en omgewingsprogram.

Die Nebosh-kursusse

Die Nasionale Eksamenraad in Beroepsveiligheid en -gesondheid (Nebosh) in Engeland is 'n onafhanklike internasionale eksamenraad, wat leerplanne en assesseringswyses vir beroepskwalifikasies opstel. Meer as 30 000 mense ontvang jaarliks 'n erkende Nebosh-kwalifikasie.

● Die Nebosh IGC is 'n internasionale algemene sertifikaat in gesondheid en veiligheid

Hierdie is 'n internasionaal erkende kwalifikasie wat fokus op internasionaal erkende gesondheids- en veiligheidstandaarde en -prioriteite en beste praktyk. Dit bied uitmuntende basiese opleiding in beroepsveiligheid en -gesondheid. Die basiese morele en ekonomiese beginsels hiervan binne 'n organisasie is die grondslag, saam met die saamstel van veiligheids- en gesondheidsbeleid, begrip vir proaktiewe en reaktiewe beginsels hiervan in die werkplek, sowel as onder meer die identifisering van gevare. Dit bied advies oor strategieë om beroepsgevare te beperk.

● Die Nebosh ICC is 'n internasionale sertifikaat in konstruksie

Nosa is die eerste Suid-Afrikaanse Nebosh-geakkrediteerde diensteverskaffer wat die nuwe Nebosh- Internasionale sertifikaat in konstruksiegesondheid en -veiligheid in Suider-Afrika aanbied. Die hoofvereistes is dat die konstruksiepersele veilig bestuur word en dat daar 'n begrip is vir die uitvoer van 'n perseelassessering. Konstruksie-aktiwiteitgevare moet geïdentifiseer word, die risiko's moet bepaal word en gepaste beheermaatreëls moet getref word ten opsigte van die beweging van mense en voertuie, meganiese hanteerwerk, toerusting, elektriese, chemiese en biologiese gevare, hoogte-werk, uitgrawingswerk en afgesperde ruimtes en aftakeling van geboue.

● Die Nebosh IEC is 'n internasionale sertifikaat in omgewingsbestuur

Hierdie sertifikaat word erken as 'n uitmuntende inleiding tot die basiese maatreëls wat vir beroepsgesondheid en -veiligheid gevolg moet word. Die sertifikaat is ontwerp om 'n vaste grondslag te verskaf in die behoorlike bestuur van omgewingsake en is geskik vir bestuurders, toesighouers en werkers wat vir omgewingsbestuursaangeleenthede verantwoordelik is.

● Die Nebosh-diploma

Die Nebosh- nasionale diploma is die vlagskap van Nebosh-kursusse en is spesifiek vir gesondheids- en veiligheidswerkers ontwerp.

Dié diplomakursus bou regstreeks op die Nebosh- nasionale algemene sertifikaat en is ontwerp om studente toe te rus met kundigheid om 'n loopbaan as veiligheids- en gesondheidspraktisyn te volg. Dis 'n uitstekende grondslag vir nagraadse studie.

Nosa het pas akkreditasie ontvang om die internasionale diploma in beroepsgesondheid en veiligheid aan te bied. Nosa is die eerste en enigste Suid-Afrikaanse maatskappy wat dié akkreditasie het. Die diploma word aangebied in drie tweeweeksessies. By suksesvolle voltooiing van die kursus kwalifiseer 'n student vir nagraadse IOSH-status (GradIOSH – status van die Instituut vir Beroepsveiligheid en -Gesondheid).